Geslagsgelykheid: NetACT help skuif grense in Teologiese denke

"In my middle-class practice as psychologist, my work as supervisor and trainer of colleagues and in my collaboration with disadvantaged communities, I have witnessed countless stories of violence, violations and oppression experienced by women."

Voor op die verhoog van die Lewensruimte-saal van die Nasionale Instituut vir Dowes op Worcester staan Elize Morkel, sielkundige van Somerset-Wes, lid van die moderatuur van die Sinode van die Wes-en-Suid-Kaap asook die Algemene Sinodale Moderamen.

Sy is een van 22 sprekers wat besig is om hul navorsingsonderwerpe oor Geslagsgelykheid tydens 'n onlangse NetACT- werkswinkel wat van 7 tot 12 Julie geduur het, aan te bied. Die titel van haar onderwerp: *Aware and empowered responses to gender injustice: A challenge to the church*.

Vandat ons soggens met ons wekkerradio om sesuur met die dag se nuus wakker skrik totdat ons die eerste koerantopskrifte sien, hoor of lees ons van ten minste een of meer gevalle van geweld teen vroue en kinders – en dít voor ontbyt. Ons gewelddadige samelewing stem ons tot groot kommer, veral as ons lees en hoor hoe dit ook in die res van Afrika toeneem.

En midde-in hierdie skynbaar hopelose situasie word ons as kerk van Christus daagliks met die uitdaging van hóé om 'n verskil in die wêreld om ons te maak, gekonfronteer. Die al-sieker-wordende samelewing waarin ons leef, het werklik álle moontlike hulp nodig.

Navorsing oor hierdie onderwerp het so dringend geword dat NetACT (*Network for African Congregational Theology*) reeds in 2011 'n werkswinkel in Stellenbosch oor dié onderwerp geloods het. Daaruit het 'n boek deur skrywers van verskillende Afrika-lande gevolg: *Men in the pulpit, Women in the pew? Addressing gender inequality in Africa* (SUN Press, 2012).

NetACT is 'n netwerk van vyftien teologiese instellings met 'n presbiteriaans-gereformeerde tradisie in nege Sub-Sahara-Afrikalande wat fokus op leierskapsontwikkeling in die kerk. Dit het in 2000 in Lusaka, Zambië met die inisiatief van proff Martin Pauw en Jurgens Hendriks ontstaan, met die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch as basis. Prof Jurgens Hendriks is tans die uitvoerende beampte.

Na die 2011-werkswinkel op Stellenbosch, is die gesprek verlede jaar by Brackenhurst (Limuru) in Kenia voortgesit. Tydens hierdie sessie is aanbiedinge uit verskillende dele van Afrika bespreek met die oog op die samestelling van 'n opvolg-bundel met die titel: *Living with Dignity: Towards gender equality in Africa.* Dit sal uiteindelik as handboek met praktiese voorbeelde vir bespreking by die vyftien geaffilieerde kweekskole voorgeskryf word.

Tydens vanjaar se werkswinkel op Worcester is die beoogde 22 hoofstukke verder geslyp met die oog op publikasie vroeg in 2014. Vier redakteurs (uit Kenia, Malawi en Suid-Afrika) is daarvoor verantwoordelik, met prof Elna Mouton as koördineerder. Interessante aspekte van geslagsgelykheid wat deur medeskrywers en navorsers verbonde aan kweekskole van Angola, Nigerië, Kenia, Malawi, Zambië, Zimbabwe, Namibië, Mosambiek en Suid-Afrika bespreek is, vorm deel van die uitgawe, soos: Hoe raak geslag vroue se rol in families? Hoe beïnvloed dit haar rol in die kerk; haar posisie in die werksituasie? Hoe word sy deur MIV/vigs geraak? Hoe raak dit enkelvroue? Watter effek het gestremdheid op hoe die samelewing vroue beskou?

Met hierdie en ander soortgelyke onderwerpe onder die loep, kan die beoogde boek beslis 'n sterk positiewe invloed op die denke van wordende predikante hê waar vroue nog stéédsin die meeste Afrika-lande suid van die Sahara om verskeie redes geen of beperkte leierskapsrolle in die kerk speel.

Mariëtte Odendaal
KGA-kommunikasie